

AFRIKAANS HUISTAAL

GRAAD 6
TYD: 1 UUR

TOTAAL: 50

AFDELING A: LEESBEGRIP (20)

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES (30)

AFDELING A: LEESBEGRIP

Vraag 1

Lees die leesstuk aandagtig deur en beantwoord die vrae wat volg in VOLSINNE, tensy anders aangedui.

Vakansie-aktiwiteite wat min geld kos!



- 1 As jy slim is, kan jy hierdie vakansie baie pret hê – sonder om baie geld uit te gee!
- 2 Om vakansie te geniet, beteken nie dat 'n mens móét weggaan nie – deur die regte aktiwiteite te beplan, kan dit net so lekker by die huis wees. Dit beteken ook nie dat jy baie geld hoef te spandeer nie.
- 3 Hier is 'n paar idees om gedurende die vakansie besig te bly:

- 4 Julle kan by die DBV gaan kuier en vra of julle kan help om die diere kos te gee. Dit is terapeuties vir almal om met die diere te werk. Onthou om foto's te neem.
- 5 Nooi vriende vir 'n teepartytjie. Bak self 'n koek. Dit is glad nie so moeilik nie.
- 6 Besoek parke en museums in Kaapstad waar julle nog nooit was nie. 'n Mens hoef nie ver te ry om in die buitelug te wees nie, of om interessante plekke te sien nie. Daar is baie museums in Kaapstad om te besoek.
- 7 Maak beurte sodat almal in die gesin 'n kans kry om iets spesiaal vir aandete te kook. Daar is baie disse soos byvoorbeeld spaghetti bolognaise, wat maklik en goedkoop is om te maak. Dit is deel van die pret.
- 8 Hou 'n speletjiesaad. Ouers speel nie meer speletjies met hulle kinders nie, maar dit is baie belangrik vir kinders en hulle ouers om saam te speel. "Slangetjies en leertjies", "Monopoly", "Mad", kaarte, skaak, "dambord" of "domino's" is die beste speletjies.
- 9 Hou 'n fliekaand. Kry 'n paar DVD's en maak self springmielies in die mikrogolfoond. Julle kan ook ander eetgoed soos hamburgers en skyfies maak. Onthou: julle moet alles self maak. Onthou – dit is deel van die pret!
- 10 Maak 'n collage van jou familie- en vakansiefoto's en gee dit vir Ouma en Oupa as 'n verjaarsdaggeskenk.
- 11 Julle moet onthou om foto's te neem van al die aktiwiteite wat die gesin saam doen gedurende die vakansie. As jy lus is, kan jy ook sommer 'n "collage" van die vakansiefoto's maak. Jy kan ook jou foto-album op Facebook laai sodat al jou vriende kan sien hoe jy die vakansie by die huis geniet.

Vrae:

1. In die teks lees ons dat 'n vakansie by die huis baie duur is.
 - 1.1 Stem jy saam met hierdie stelling? (Ja/Nee) (1)

- 1.2 Haal 'n sin uit paragraaf 2 aan om jou antwoord te staaf. (1)
2. Waarvoor staan die afkorting "DBV"? (1)
3. Haal een woord uit paragraaf 4 aan wat vir jou sê dat dit goed vir 'n mens is om diere te help. (1)
4. Soek woorde in die teks wat **antonieme** is van die volgende woorde/ frases:
- 4.1 spaar (1)
- 4.2 ledig (1)
- 4.3 duur (1)
5. Gee 'n **sinoniem** uit die teks vir die volgende woorde/frases:
- 5.1 geld uitgee (1)
- 5.2 besonder (1)
- 5.3 geregte (1)
6. Sê of die volgende stelling waar of onwaar is en gee 'n rede deur die teks aan te haal:
Ouers en kinders van vandag geniet dit om saam speletjies te speel. (2)
7. Gee die verkleinwoord van "foto's". (1)
8. Hierdie is 'n voorbeeld van 'n instruksieteks. Noem een kenmerk van 'n instruksiesteks wat duidelik sigbaar is in die bostaande teks. (1)
9. Gee 'n idioom vir "by die huis bly." (1)

[15]

Vraag 2

Kyk na die volgende prentgrap en beantwoord dan die vrae:



2.1 Maak die sms-taal in die prentjie reg. (2)

2.2 Gee 'n sinoniem vir die woord "vat". (1)

2.3 Verduidelik kortliks wat of wie 'n spraakterapeut is. (2)
[5]

AFDELING B: TAALSTRUKTURE EN KONVENSIES

Kyk na die prentjie en beantwoord die taalvrae:



Vraag 1

Verdeel die volgende woord in korrekte lettergrepe:

1.1 ruimterommel

Verdeel die volgende woord in korrekte klankgrepe:

1.2 kommerkous (2)

Vraag 2

Gee sinonieme vir die onderstreepte woorde:

2.1 Sjoe! Ek is baie bang.

2.2 Ruimterommel gaan ons op aarde tref.

Gee antonieme vir die onderstreepte woorde:

2.3 Jy is so 'n ou kommerkous.

2.4 Daar is 'n groter kans dat 'n skaatsplankryer jou gaan tref. (4)

Vraag 3

Lees die onderstaande sin en beantwoord die vrae:

Jy is ook so 'n ou kommerkous.

3.1 Skryf die sin in die **verlede tyd**.

3.2 Skryf die sin in die **toekomende tyd**. (2)

Vraag 4

Kies die korrekte homofoon tussen hakies.

4.1 Dit is 'n (leun, leuen) dat ruimterommel die aarde gaan tref.

4.2 Dit is nie haar (styl, steil) om 'n kommerkous te wees nie.

Maak 'n sin met die homoniem van die onderstreepte woorde.

4.3 Om rommel op te tel, kos nie te veel nie.

4.4 Ek is bly dat jy bekommerd is oor al die besoedeling. (4)

Vraag 5

Voeg die regte agtervoegsel agteraan elke woord om die woord te verander na die woordsoort tussen hakies.

5.1 lei (s.nw)

5.2 berg (b.nw) (2)

Vraag 6

Kies die korrekte voornaamwoord tussen hakies en skryf dit neer.

- 6.1 'n Kommerkous is iemand (wie,wat) altyd bekommerd is. $\left(\frac{1}{2}\right)$
6.2 Die mense (langs wie, waarlangs) hy ry, strooi rommel. $\left(\frac{1}{2}\right)$

Verbind die sinne met die korrekte vorm van die woorde in hakies:

- 6.3 Daar is die verkeerslig. Ek het agter die verkeerslig geskuil. (wat + agter) (1)

Vraag 7

Skryf 'n attributiewe byvoeglike naamwoord uit die sin neer:

- Ek is bang dat aaklige ruimterommel ons op die aarde gaan tref. (1)

Vraag 8

Skryf die sinne oor en voeg al die regte leestekens in, waar nodig, sodat die regte boodskap gekry kan word.

- Sjoe Ek is bang dat ruimterommel besoedeling en vulkane ons op die aarde gaan tref (3)

Vraag 9

Verbind die volgende sinne met die voegwoord tussen hakies:

- 9.1 Ek is bang. Ruimterommel gaan ons op die aarde tref. (omdat)
9.2 Hy is so bekommerd. Hy is so 'n kommerkous. (gevolglik) (2)



Vraag 10

Lees die onderstaande sin en beantwoord die vrae:

Jy is so 'n ou kommerkous.

10.1 Gee die **gesegde** van die sin.

10.2 Gee die **onderwerp** van die sin. (2)

Vraag 11

Is die volgende sinne 'n enkelvoudige, saamgestelde- of veelvoudige sin?

Skryf net neer watter soort sin jy dink dit is.

11.1 Ek is 'n kommerkous en ek is bang.

11.2 Jy is ook so 'n ou kommerkous.

11.3 Ek is bang dat ruimterommel ons op die aarde gaan tref. (3)

Vraag 12

Skryf die volgende sin oor in die direkte rede.

12.1 Hy het gesê dat hy nie eens daaraan moet dink nie. (1)

Skryf die volgende sin oor in die indirekte rede.

12.2 Hy het gesê: “Ek was bang.” (1)

Vraag 13

Skryf die volgende sin oor in die lydende vorm:

13.1 ‘n Skaatsplankryer tref jou. (1)

[30]
TOTAAL: 50

